BEELD, Leefstyl
Wednesday, 05 May 2010, p. 7

Nou kan jy 'hallo' sê in al 11 SA tale

Het jy al ooit gewens jy kan met meer van jou mede-Suid-Afrikaners in hul moedertaal gesels?

Dan is die *Hello South Africa Phrasebook* vir jou.

In *Hello South Africa* word meer as 600 nuttige frases oor 30 onderwerpe uit Engels in elk van die tien ander amptelike tale vertaal. Dit is daarop gemik om Suid-Afrikaners en buitelandse besoekers te help om op 'n basiese vlak met enige Suid-Afrikaner in sy moedertaal te kan praat.

Wat uitspraak betref, begin elke taal se afdeling met 'n uitspraakgids en elke frase is ook vergesel van 'n fonetiese uitspraakgids. Die vertalings, uitspraakgidse en fonetiek is gedoen deur top-akademici in die Afrikatale-departemente van vooraanstaande Suid-Afrikaanse universiteite.

Die boek bevat ook agtergrondinligting oor die tale van die land en nuttige kaarte wat aandui waar elke taal hoofsaaklik gepraat word. Daar is ook reiswenke vir besoekers aan die land, asook die volkslied, met fonetiese uitspraak. En teen net ongeveer 10 cm x 15 cm groot, kan jy dié boekie van oor die 400 bladsye sommer gerieflik in 'n hand- of rugsak saamdra.

Die fraseboek is ontwikkel deur die grafiese ontwerper Mark Macdonald en die Engelse stem-en-uitspraakafrigter Michelle Macdonald, in samewerking met kenners. Jenny Gautschi, wat betrokke was by die ontwikkeling en bemarking van die boek, sê: "Hoewel die produk aanvanklik ontwikkel is om mense te help om met mekaar te kommunikeer tydens die Wêreldbeker-sokkertoernooi, het dit intussen in iets ontwikkel wat, ons glo, 'n baie groter invloed op nasiebou kan hê.

"Sonder twyfel kweek dit wedersydse respek om met iemand in sy moedertaal te kan praat en iets van sy kultuur en tradisies te verstaan."

■ *Hello South Africa* is by Exclusive Books-winkels landwyd en uitgesoekte Van Schaik-winkels beskikbaar teen sowat R188. Vir nog inligting, besoek www.hellosouthafrica.co.za.



FOTO'S: WWW.HELLOSOUTHAFRICA.CO.ZA

Michelle en Mark Macdonald, skeppers van die boek, by die bekendstelling.

Wil jy leer? Frases uit *Hello South Africa*

NDEBELE

Wat is jou naam? Ungubani ibizo lakho? (oo-ngoo-bah-nee ee-bee-zaw lah-kaw?)
My naam is ... Ibizo lami ngingu ... (ee-bee-zaw lah-mee ngee-ngoo ...)

SOTHO

Hoe lyk die weer? Maêmô a lehôdimô a jwang? (mah-eh-maw ah lee-haw-dee-maw a jwah-ng?)
Dis warm. Ho a tjhesa. (hoo ah chee-sah.)
Dis koud. Ho a bata. (hoo ah bah-tah.)

PEDI

Waar kom jy vandaan? Naa o tšwa kae? (nah oo chwah kah-ee?)
Ek kom van ... Ke tšwa ... (kee chwah ...)

SWATI

Kan jy Engels praat? Ngabe ukhuluma Singise? (ngah-beh oo-koo-loo-mah see-NGee-see?)
Ek verstaan nie. Angivisisi. (ah-ngee-vee-see-see.)

TSONGA

Gee asseblief vir my aanwysings. Ni kombe ndlela ya kuya ee. (nee kaw-mbeh ndleh-lah yah koo-yah eh.)
Hoe ver is dit? I mpfhuka wo tani hi kwihi? (ee mpfhoo-kah waw tah-nee hee kwee-hee?)

TSWANA

Hoe laat is dit? Ke nakô mang? (kee nah-kaw mah-ng?)
Wanneer begin dit? E simolola ka nakô mang? (ee see-moo-loo-lah kah nah-kaw mah-ng?)

VENDA

Waar kan ek 'n taxi kry? Ndi nga wana ngafhi thekhisi? (ndee NGah wah-nah NGah-fhee teh-kee-see?)
Wat is jou tarief? Ndi vhugai u namela? (ndee boo-gah-ee oo nah-meh-lah?)

ZOELOE

Waar kan ek 'n winkelsentrum vind? Ngingathola izitolo zokuthengisa kuphi? (ngee-ngah-taw-lah ee-zee-taw-law zaw-goo-teh-ngee-sah goo-pee?)
Hoeveel kos dit? Kubiza kakhulu? (koo-bee-zah mah-lee-nee?)

XHOSA

Ek is op soek na 'n hotel. Ndikhangela ihotele. (ndee-kah-ngeh-lah ee-haw-teh-leh)
Waar is die restaurant? Iphi i restyu? (ee-pee ee rreh-styoo?)